MN 4

HUMAN
SCIENCES
RESEARCH
COUNCIL

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

~~VERTROULIK~~
~~CONFIDENTIAL~~

# DIE BANTOE-ARBEIDSMAG VAN SESHEGO, GIYANI EN MA-KWARELA

NAVORSINGSBEVINDING * RESEARCH FINDING

001.3072068 HSRC MN 4
HUMANITAS
RGN-HSRC

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MN 4 | 39837/3 |

RGN
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

39837

VERTROULIK

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# DIE BANTOE-ARBEIDSMAG VAN SESHEGO, GIYANI EN MA-KWARELA

HUMANITAS RGN-HSRC
RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

(Hons)

VERVALDATUM/DATE DUE

2844:

Verhoef

Navorsingsbevinding Nr M-N-4

001.3072068 HSRC MN 4
*108003*

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1978 -10-30
STANDKODE
001.3072068
HSRC MN4
REGISTERNOMMER
39837
3
BESTELNOMMER
G

RG... ...C
-10- 2
STA...
...MER
BESTELNOM...

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING EN DOEL | 1 |
| 2. | METODE EN STEEKPROEF | 2 |
| 3. | DIE DRIE DORPE | 3 |
| 4. | WERKSTATUS VAN DIE VOLWASSE BEVOLKING | 4 |
| 5. | BEROEPS- EN SEKTORALE VERSPREIDING EN OPLEIDINGSPEIL | 6 |
| 6. | GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN WERKGELEENTHEDE | 15 |
| 7. | DIE VERVOER VAN WERKERS | 19 |
| 8. | SALARISSE EN LONE | 22 |
| 9. | SLOTOPMERKINGS | 26 |
| 10. | LITERATUURLYS | 27 |

## 1. INLEIDING EN DOEL

Ekonomiese groei in of naby die gebiede waar daar groot konsentrasies Bantoes woon is om ekonomiese, sosiale en politieke oorwegings noodsaaklik. Dit is ook regeringsbeleid dat die verskillende Bantoevolke so ver as moontlik in hul eie tuislande moet woon en werk.

Waar fabriekswese in 'n steeds toenemende mate die dryfkrag agter ekonomiese ontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika lewer (1,1), spreek dit vanself dat dit ook in die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande 'n belangrike rol sal moet speel. Die suksesvolle ontwikkeling van 'n moderne vervaardigingsbedryf in 'n bepaalde gebied hang egter in 'n groot mate af van die beskikbaarheid van (a) 'n infrastruktuur van 'n bepaalde minimumstandaard en (b) 'n arbeidsmag wat oor sekere minimum bekwaamhede en vaardighede beskik.

Sonder die nodige krag vir aandrywing en vervoergeriewe vir grondstofaanvoer en prokukafvoer is die vestiging van 'n groot fabriek haas onmoontlik. Nuwe werkers in 'n gebied sal ook aandring op sekere minimum dienste soos huisvesting, onderwys, vermaak, beskerming, en die beskikbaarheid van lewensmiddele en ander handelsware, ens. 'n Moderne fabriek kan ook nie tot stand kom sonder 'n bepaalde hoeveelheid werkers wat oor die nodige bestuurs- en organisatoriese kennis beskik om die benodigde produksiefaktore uit verskillende rigtings byeen te bring en aan die gang te kry nie. Net so vereis die vervaardigingsprosesse self sekere kundighede en vaardighede wat in 'n onderontwikkelde gebied selde aangetref word en gevolglik òf ingevoer òf deur opleiding ontwikkel moet word.

Dit is dus duidelik dat 'n groeipunt in 'n onderontwikkelde gebied van meet af aan behoefte het aan 'n werkerskorps wat 'n wye verskeidenheid funksies kan verrig en oor 'n wye verskeidenheid bekwaamhede moet beskik om ekonomiese ontwikkeling teen 'n bevredigende tempo te verseker. 'n Suksesvolle ekonomiese ontwikkelingsprogram vereis daarom noodwendig dat kennis gedra sal word van die aard en omvang van die beskikbare

arbeidsmag ten einde moontlike tekortkominge te kan identifiseer en remedieër.

In hierdie ondersoek word daar gepoog om die arbeidsmag wat in Seshego, Giyani en Ma-Kwarela woonagtig is volgens hul samestelling en eienskappe te ontleed.

Daar word vertrou dat hierdie inligting lig sal werp op die ekonomiese lewensvatbaarheid van die drie dorpe en dat dit op die manier die taak van diegene wat met die beplanning van die ontwikkeling van die drie dorpe gemoeid is, sal vergemaklik.

## 2. METODE EN STEEKPROEF

Gegewens vir hierdie ondersoek is met behulp van 'n vraelys wat deur middel van Bantoeveldwerkers ingevul is, ingesamel. 'n Vraelys is vir elke persoon 15 jaar en ouer en wat nie nog op skool, kollege en universiteit is nie, ingevul. Die veldwerkers, òf onderwysers òf gematrikuleerde klerke, is vooraf opgelei om hulle deeglik vertroud te maak met die vraelys.

In Seshego is altesaam 790 wooneenhede in die opname betrek. Dit verteenwoordig ongeveer 13 persent van die universum. Die dorp is vooraf volgens die klostegniek in 'n aantal blokke verdeel en in elke blok is elke derde huis in die ondersoek betrek met 'n maksimum van 25 wooneenhede in elke blok.

In Giyani en Ma-Kwarela is daar gepoog om 'n universumopname te maak. Vanweë praktiese probleme soos huisbewoners wat afwesig was tydens besoeke moes egter volstaan word met 208 huiseenhede in Giyani en 192 huiseenhede in Ma-Kwarela. Dit verteenwoordig tussen 80 en 90 persent van die universum in die geval van Ma-Kwarela en meer as 90 persent in die geval van Giyani.

In alle gevalle is vraelyste voltooi ten opsigte van al die inwoners van 'n wooneenheid wat ouer as 15 jaar is maar nie op skool, kollege of universiteit is nie. Daar kan gevolglik aanvaar word dat die voltooide vraelyste wat in hierdie ondersoek gebruik word, in die geval van Seshego 'n steekproef van

ongeveer 13 persent, in die geval van Ma-Kwarela 'n steekproef van tussen 80 en 90 persent en in die geval van Giyani 'n steekproef van meer as 90 persent van die volwasse inwoners wat nie op skool, kollege of universiteit is nie van die onderskeie dorpe verteenwoordig.

Aangesien alle vrae nie deur alle respondente bevredigend beantwoord is nie, sal daar gevind word dat die totale van ooreenstemmende kolomme in verskillende tabelle effens van mekaar verskil. Die verskille is egter in alle gevalle so klein dat dit geen wesentlike verskil aan die gevolgtrekkings wat daarop gebaseer kan word, sal maak nie.

Die ondersoek het geskied in samewerking met die Instituut vir Sosiologiese Navorsing van die RGN wat terselfdertyd ondersoek ingestel het na die leefbaarheid van die drie dorpe waaroor 'n afsonderlike verslag uitgebring is (2).

## 3. DIE DRIE DORPE

Die drie dorpe wat die onderwerp van hierdie ondersoek vorm, is al drie nuutontwerpte en pasgeboude dorpe wat ten tye van die ondersoek die administratiewe hoofstede van drie Bantoetuislande was. Seshego is die hoofstad van Lebowa, Giyani is die hoofstad van Gazankulu en Ma-Kwarela is die hoofstad van Venda.

Seshego verskil egter in een belangrike opsig van die ander twee. Seshego is naamlik 10 km vanaf 'n groot Blankedorp (Pietersburg) geleë, terwyl Giyani en Ma-Kwarela ver van die grense van .. Blankegebied af en minstens 70 km van die naaste Blankedorp geleë is.

Giyani en Ma-Kwarela is weer na aan ou bestaande handelsposte geleë. Die meerderheid van die besighede by Ben Stores wat sowat 5 km vanaf Giyani geleë is asook die besighede by Sibasa wat sowat 5 km vanaf Ma-Kwarela geleë is, behoort reeds aan óf die BBK óf aan burgers van die betrokke tuislande. Aangesien bykans alle handel in die twee dorpe by die ou en nabygeleë handelsposte gedryf word, is dit beskou as 'n integrale deel van die twee dorpe.

In die onmiddellike omgewing van beide Giyani en Ma-Kwarela is ook 'n sterk Blanke-gemeenskap. Die Blankes is feitlik uitsluitlik werknemers van òf die owerheid òf die kerk en kan in die lig van regeringsbeleid nie as permanente inwoners beskou word nie. Hulle maak ook nie deel uit van die arbeidsaanbod soos wat 'n potensiële werkgewer dit in die gebied sal aantref nie.

## 4. WERKSTATUS VAN DIE VOLWASSE BEVOLKING

In tabel 4.1 word die drie dorpe se volwasse bevolking, dit wil sê slegs die deel van die bevolking wat 15 jaar en ouer is, volgens werkstatus en geslag ontleed.

TABEL 4.1

SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEPE VOLGENS GESLAG EN WERKSTATUS

| | Seshego | | | | Giyani | | | | Ma-Kwarela | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| erkstatus | Manlik | | Vroulik | | Manlik | | Vroulik | | Manlik | | Vroulik | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Werkendes | 864 | 90,0 | 453 | 41,9 | 228 | 96,6 | 118 | 48,8 | 166 | 96,0 | 72 | 39,8 |
| Werksoekers | 60 | 6,3 | 174 | 16,1 | 6 | 2,5 | 31 | 12,8 | 1 | 0,6 | 10 | 5,5 |
| Vrywillig buite arbeidsmark | 3 | 0,3 | 73 | 6,8 | | | 18 | 7,4 | 1 | 0,6 | 15 | 8,3 |
| Ongeskiktes | 20 | 2,1 | 89 | 8,2 | 1 | 0,4 | 4 | 1,7 | 1 | 0,6 | 22 | 12,2 |
| Uitdiensgetredes | 13 | 1,4 | 37 | 3,4 | 1 | 0,4 | 5 | 2,1 | 4 | 2,3 | 2 | 1,1 |
| Huisvrouens | | | 254 | 23,5 | | | 66 | 27,3 | | | 60 | 33,1 |
| TOTAAL | 960 | 100 | 1080 | 100 | 236 | 100 | 242 | 100 | 173 | 100 | 181 | 100 |

Die eerste opvallende verskynsel wat uit tabel 4.1 blyk, is die feit dat 'n aansienlike groter persentasie van die manlike bevolking in Giyani en Ma-Kwarela 'n betrekking beklee as wat die geval in Seshego is, naamlik 96,6 en 96,0 persent in Giyani en Ma-Kwarela, teenoor 90,0 persent in Seshego. In Seshego

soek 6,3 persent van die manlike bevolking blykens tabel 4.1 werk, teenoor slegs 2,5 en 0,6 persent in Giyani en Ma-Kwarela. Die rede vir die verskynsel is waarskynlik geleë in die beleid wat deur die owerhede gevolg word by die toekenning van woonhuise in die drie dorpe. In Giyani en Ma-Kwarela word naamlik voorkeur gegee aan werknemers van die plaaslike en sentrale owerheid. Dit is gesogte werkgeleenthede wat nie sommerso laat vaar word nie, met die gevolg dat werkloosheid onder die manlike bevolking redelik onbekend is. Volgens Lombard (3,20) en Pigou (4,92) moet 'n werkloosheidsyfer van 3 persent as normaal beskou word. Dit verteenwoordig net die sogenaamde transito-werkloses. Dit is werkers wat hul vorige betrekking verlaat het, met die doel om 'n nuwe betrekking te soek, maar nog nie daarin geslaag het nie. Die verskynsel kom veral onder ongeskoolde en halfgeskoolde werkers voor waar die arbeidsomset gewoonlik redelik hoog is. Uit bostaande blyk dus dat ongeveer die helfte van die 6,3 persent werkloosheid wat daar blykens tabel 4.1 onder mans in Seshego heers bloot aan die transito-verskynsel toegeskryf kan word.

In 'n gemeenskap soos Seshego is dit ook hoogs waarskynlik dat 'n sekere persentasie van die sogenaamde ekonomies bedrywiges (werksoekers) as grensgevalle geklassifiseer kan word. Onder grensgevalle word diegene gereken wat óf so oud óf andersins so ongeskik is dat daar in enige gemeenskap maar weinig betrekkings is waarvoor hulle werklik kwalifiseer. Onder die grensgevalle tel ook die werkskuwes wat sal vertel dat hy werk soek maar sal sorg dat die tipe werk wat hy soek so onbereikbaar vir hom persoonlik is dat hy dit nooit sal vind nie.

Wat die volwasse vroulike bevolking aanbetref, is dit blykens tabel 4.1 opmerklik dat ten spyte van die feit dat Pietersburg 'n baie groter arbeidsmark vir Bantoevroue bied as wat die vroue van Giyani en Ma-Kwarela tot hul beskikking het, is 'n groter persentasie van die volwasse vroue van Seshego werksoekend as die persentasie in Giyani en Ma-Kwarela wat werk soek, naamlik 16,1 persent in Seshego teenoor 12,8 persent in Giyani en 5,5 persent in Ma-Kwarela. Hierdie verskynsel moet gesien word in die lig van die relatiewe

grootte van gesinsinkomstes in die drie dorpe. Die gemiddelde gesinsinkomste in Seshego is naamlik R65,18 per maand teenoor die R120,46 per maand in Giyani en R85,15 per maand in Ma-Kwarela. Die groot verskil in die persentasies volwasse vroue in Giyani en Ma-Kwarela wat werk soek, kan egter nie sonder meer uit die beskikbare gegewens verklaar word nie.

## 5. BEROEPS- EN SEKTORALE VERSPREIDING EN OPLEIDINGSPEIL

In tabel 5.1 word die arbeidsmag in die drie dorpe ontleed volgens opleidingspeil en beroep.

Volgens tabel 5.1 het 11,4 en 10,6 persent van Seshego en Giyani se manlike werkers geen akademiese opleiding ontvang nie teenoor slegs 4,6 persent in Ma-Kwarela. Die rede hiervoor is deels te wyte aan die feit dat 35,4 persent van die manlike werkers in Seshego en 9,3 persent van die manlike werkers in Giyani volgens tabel 5.1, ongeskoolde arbeiders is terwyl slegs 4,6 persent van die manlike werkers in Ma-Kwarela ongeskoolde arbeiders is. Dit is egter moontlik dat baie van die arbeiders wat in Ma-Kwarela werksaam is, nog in omliggende tradisionele Bantoehuisvesting woonagtig is en gevolglik heeltemal van die ondersoek uitgesluit is aangesien slegs diegene wat binne die "munisipale" grens van Ma-Kwarela woonagtig is, by die ondersoek betrek is. Toekenning van huisvesting mag in dié geval ook 'n rol speel.

Uit die beskikbare gegewens kan egter nie bo redelike twyfel afgelei word wat die oorsaak vir die verskynsel is nie.

Verder blyk dat volgens tabel 5.1 slegs 7,2 persent van die manlik werkers van Seshego gematrikuleerd is teenoor 33,9 persent in Giyani en 38,2 persent in Ma-Kwarela.

Alhoewel dit in al drie die dorpe owerheidsbeleid is om by die toekenning van woonhuise aan owerheidswerknemers voorkeur te gee, is daar tans nog nie genoeg woonhuise in Giyani en Ma-Kwarela vir al die owerheidswerknemers nie. In Seshego aan die ander kant, vorm owerheidswerknemers slegs 'n klein persentasie van die totale inwonertal.

TABEL 5.1 A

WERKERS VOLGENS OPLEIDINGSPEIL EN BEROEPSGROEP (SESHEGO)

MANS

| Beroepsgroep | Opleidingspeil | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Graad 1 + 2 | | St. 1 + 2 | | St. 3 + 4 | | St. 5 + 6 | | Vorm 1 + 2 | | Vorm 3 + 4 | | Vorm 5 | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 1 | 0,9 | | | | | 2 | 1,1 | 5 | 1,8 | 1 | 0,8 | 14 | 12,2 | 21 | 30,4 | 44 | 4,6 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | 2 | 0,7 | | | 1 | 0,9 | 1 | 1,4 | 4 | 0,4 |
| Klerklike werkers | | | | | | | | | 5 | 1,8 | 12 | 9,9 | 32 | 27,8 | 39 | 56,5 | 88 | 9,2 |
| Verkoops- en verwante werkers | 2 | 1,8 | | | 1 | 1,2 | 18 | 10,3 | 29 | 10,7 | 20 | 16,5 | 25 | 21,7 | 4 | 5,8 | 99 | 10,3 |
| Vervoerwerkers | 2 | 1,8 | 1 | 6,7 | 8 | 9,5 | 23 | 13,1 | 57 | 21,0 | 27 | 22,3 | 11 | 9,6 | | | 129 | 13,4 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 6 | 5,5 | | | 2 | 2,4 | 6 | 3,4 | 16 | 5,9 | 8 | 6,6 | 6 | 5,2 | 1 | 1,4 | 45 | 4,7 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 9 | 8,3 | 1 | 6,7 | 6 | 7,1 | 6 | 3,4 | 18 | 6,6 | 7 | 5,8 | 1 | 0,9 | | | 48 | 5,0 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 6 | 5,5 | 1 | 6,7 | 9 | 10,7 | 14 | 8,0 | 16 | 5,9 | 10 | 8,3 | 5 | 4,3 | | | 61 | 6,4 |
| Arbeiders | 61 | 56,0 | 10 | 66,7 | 48 | 57,1 | 85 | 48,6 | 98 | 36,0 | 25 | 20,7 | 13 | 11,3 | | | 340 | 35,4 |
| Werkloos en ongeklassifiseer | 22 | 20,2 | 2 | 13,3 | 10 | 11,9 | 21 | 12,0 | 26 | 9,6 | 11 | 9,1 | 7 | 6,1 | 3 | 4,3 | 102 | 10,6 |
| TOTAAL N | 109 | 100 | 15 | 100 | 84 | 100 | 175 | 100 | 272 | 100 | 121 | 100 | 115 | 100 | 69 | 100 | 960 | 100 |
| % | 11,4 | | 1,6 | | 8,8 | | 18,2 | | 28,3 | | 12,6 | | 12,0 | | 7,2 | | 100 | |

VROUE

| Beroepsgroep | Geen N | Geen % | Graad 1 + 2 N | Graad 1 + 2 % | St. 1 + 2 N | St. 1 + 2 % | St. 3 + 4 N | St. 3 + 4 % | St. 5 + 6 N | St. 5 + 6 % | Vorm 1 + 2 N | Vorm 1 + 2 % | Vorm 3 + 4 N | Vorm 3 + 4 % | Vorm 5 N | Vorm 5 % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | | | | | | | | | 2 | 0,6 | 8 | 6,7 | 41 | 51,9 | 4 | 66,7 | 55 | 5,1 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Klerklike werkers | | | | | | | | | | | 4 | 3,3 | 1 | 1,3 | | | 5 | 0,5 |
| Verkoops- en verwante werkers | 1 | 0,5 | | | | | 2 | 1,0 | 17 | 5,0 | 10 | 8,3 | 2 | 2,5 | | | 32 | 3,0 |
| Vervoerwerkers | | | | | | | 1 | 0,5 | 2 | 0,6 | | | | | | | 3 | 0,3 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | | | | | 3 | 1,5 | 6 | 1,8 | 3 | 2,5 | 2 | 2,5 | | | 14 | 1,3 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | | | | | 2 | 1,0 | 1 | 0,3 | 1 | 0,8 | | | | | 4 | 0,4 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 2 | 1,0 | 1 | 4,0 | 1 | 1,0 | 1 | 0,5 | 3 | 0,9 | 11 | 9,2 | 1 | 1,3 | | | 20 | 1,9 |
| Arbeiders | 50 | 24,2 | 8 | 32,0 | 37 | 35,2 | 85 | 42,5 | 113 | 33,4 | 25 | 20,8 | 1 | 1,3 | | | 319 | 29,5 |
| Werkloos, huisvrouens en ongeklassifiseer | 154 | 74,4 | 16 | 64,0 | 67 | 63,8 | 106 | 53,0 | 194 | 57,4 | 58 | 48,3 | 31 | 39,2 | 2 | 33,3 | 628 | 58,1 |
| TOTAAL N | 207 | 100 | 25 | 100 | 105 | 100 | 200 | 100 | 338 | 100 | 120 | 100 | 79 | 100 | 6 | 100 | 1080 | 100 |
| % | 19,2 | | 2,3 | | 9,7 | | 18,5 | | 31,3 | | 11,1 | | 7,3 | | 0,6 | | 100 | |

**TABEL 5.1 B**

WERKERS VOLGENS OPLEIDINGSPEIL EN BEROEPSGROEP (GIYANI)

| Beroepsgroep | Geen | | Graad 1 + 2 | | St. 1 + 2 | | St. 3 + 4 | | St. 5 + 6 | | Vorm 1 + 2 | | Vorm 3 + 4 | | Vorm 5 | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| **MANS** | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele werkers | 1 | 4,0 | | | | | | | 1 | 2,8 | 4 | 22,2 | 21 | 36,8 | 26 | 32,5 | 53 | 22,5 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 2 | 8,0 | | | 1 | 9,1 | | | 3 | 8,3 | | | 2 | 3,5 | 3 | 3,8 | 11 | 4,7 |
| Klerklike werkers | | | | | | | | | 3 | 8,3 | 2 | 11,1 | 17 | 29,8 | 49 | 61,3 | 71 | 30,1 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | | | | 1 | 12,5 | 1 | 2,8 | 1 | 5,6 | 1 | 1,8 | | | 4 | 1,7 |
| Landbouwerkers | | | | | | | 1 | 12,5 | 1 | 2,8 | | | | | | | 2 | 0,8 |
| Vervoerwerkers | 1 | 4,0 | | | 4 | 36,4 | 1 | 12,5 | 9 | 25,0 | 2 | 11,1 | 2 | 3,5 | 1 | 1,3 | 20 | 8,5 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 1 | 4,0 | | | 1 | 9,1 | | | 2 | 5,6 | 2 | 11,1 | 4 | 7,0 | | | 10 | 4,2 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 2 | 8,0 | | | 1 | 9,1 | 1 | 12,5 | 10 | 27,8 | 6 | 33,3 | 8 | 14,0 | 1 | 1,3 | 29 | 12,3 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 4 | 16,0 | | | | | 1 | 12,5 | | | | | 1 | 1,8 | | | 6 | 2,5 |
| Arbeiders | 9 | 36,0 | 1 | 100,0 | 2 | 18,2 | 3 | 37,5 | 6 | 16,7 | | | 1 | 1,8 | | | 22 | 9,3 |
| Werkloos en ongesklassifiseer | 5 | 20,0 | | | 2 | 18,2 | | | | | 1 | 5,6 | | | | | 8 | 3,4 |
| TOTAAL N | 25 | 100 | 1 | 100 | 11 | 100 | 8 | 100 | 36 | 100 | 18 | 100 | 57 | 100 | 80 | 100 | 236 | 100 |
| % | 10,6 | | 0,4 | | 4,7 | | 3,4 | | 15,3 | | 7,6 | | 24,2 | | 33,9 | | 100 | |
| **VROUE** | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele werkers | | | | | 1 | 5,3 | | | 4 | 9,3 | 23 | 57,5 | 28 | 57,1 | 6 | 100,0 | 62 | 25,6 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | | | 1 | 2,5 | | | | | 1 | 0,4 |
| Klerklike werkers | | | | | | | | | | | | | 3 | 6,1 | | | 3 | 1,2 |
| Verkoops- em verwante werkers | 1 | 1,6 | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 0,4 |
| Boerdery | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vervoerwerkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 2 | 3,1 | | | | | | | | | | | 2 | 4,1 | | | 4 | 1,7 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Arbeiders | 22 | 34,4 | | | 9 | 47,4 | 5 | 26,3 | 10 | 23,3 | 1 | 2,5 | | | | | 47 | 19,4 |
| Werkloos, huisvrouens en ongeklassifiseer | 39 | 60,9 | 2 | 100,0 | 9 | 47,4 | 14 | 73,7 | 29 | 67,4 | 15 | 37,5 | 16 | 32,7 | | | 124 | 51,2 |
| TOTAAL N | 64 | 100 | 2 | 100 | 19 | 100 | 19 | 100 | 43 | 100 | 40 | 100 | 49 | 100 | 6 | 100 | 242 | 100 |
| % | 26,4 | | 0,8 | | 7,9 | | 7,9 | | 17,8 | | 16,5 | | 20,2 | | 2,5 | | 100 | |

Opleidingspeil

TABEL 5.1 C

WERKERS VOLGENS OPLEIDINGSPEIL EN BEROEPSGROEP (MA-KWARELA)

| Beroepsgroep | | Geen | | Graad 1 + 2 | | St. 1 + 2 | | St. 3 + 4 | | St. 5 + 6 | | Vorm 1 + 2 | | Vorm 3 + 4 | | Vorm 5 | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| **MANS** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele werkers | | | | | | | | | | 1 | 3,8 | 2 | 11,1 | 13 | 32,5 | 15 | 22,7 | 31 | 17,9 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | 2 | 25,0 | | | | | 2 | 5,0 | 2 | 3,0 | 6 | 3,5 |
| Klerklike werkers | | | | | | | | | | | | 2 | 11,1 | 18 | 45,0 | 43 | 65,2 | 63 | 36,4 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | | | | | | | 1 | 3,8 | | | | | 2 | 3,0 | 3 | 1,7 |
| Vervoerwerkers | | 1 | 12,5 | | | 2 | 28,6 | 1 | 12,5 | 3 | 11,5 | 4 | 22,2 | 3 | 7,5 | | | 14 | 8,1 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | | | | | | 1 | 12,5 | 6 | 23,1 | 2 | 11,1 | 1 | 2,5 | | | 10 | 5,8 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | 3 | 37,5 | | | 1 | 14,3 | | | 13 | 50,0 | 6 | 33,3 | 3 | 7,5 | 1 | 1,5 | 27 | 15,6 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | | | | | 1 | 14,3 | | | | | | | | | | | 1 | 0,6 |
| Arbeiders | | 1 | 12,5 | | | 2 | 28,6 | 3 | 37,5 | 1 | 3,8 | 1 | 5,6 | | | | | 8 | 4,6 |
| Werkloos en ongeklassifiseer | | 3 | 37,5 | | | 1 | 14,3 | 1 | 12,5 | 1 | 3,8 | 1 | 5,6 | | | 3 | 4,5 | 10 | 5,8 |
| TOTAAL | N | 8 | 100 | | | 7 | 100 | 8 | 100 | 26 | 100 | 18 | 100 | 40 | 100 | 66 | 100 | 173 | 100 |
| | % | 4,6 | | | | 4,0 | | 4,6 | | 15,0 | | 10,4 | | 23,1 | | 38,2 | | 100 | |
| **VROUE** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele werkers | | 1 | 1,5 | | | | | | | 2 | 5,4 | 7 | 24,1 | 20 | 80,0 | 1 | 50,0 | 31 | 17,1 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Klerklike werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Verkoops- en verwante werkers | | 2 | 3,1 | | | | | | | 2 | 5,4 | 1 | 3,4 | | | | | 5 | 2,8 |
| Vervoerwerkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Werkers in dienshoedanigheid | | 1 | 1,5 | | | | | | | | | 1 | 3,4 | | | | | 2 | 1,1 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | | | | | | | | 30 | 8,1 | 1 | 3,4 | | | | | 4 | 2,2 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Arbeiders | | 11 | 16,9 | 1 | 50,0 | 4 | 40,0 | 4 | 36,4 | 9 | 24,3 | 1 | 3,4 | | | | | 30 | 16,6 |
| Werkloos, huisvrouens en ongeklassifiseer | | 50 | 76,9 | 1 | 50,0 | 6 | 60,0 | 7 | 63,6 | 21 | 56,8 | 18 | 62,0 | 5 | 20,0 | 1 | 50,0 | 109 | 60,2 |
| TOTAAL | N | 65 | 100 | 2 | 100 | 10 | 100 | 11 | 100 | 37 | 100 | 29 | 100 | 25 | 100 | 2 | 100 | 181 | 100 |
| | % | 35,9 | | 1,1 | | 5,5 | | 6,1 | | 20,4 | | 16,0 | | 13,8 | | 1,1 | | 100 | |

Gevolglik is daar in Giyani en Ma-Kwarela ŉ baie groter persentasie professionele, besturende, administratiewe, uitvoerende en klerklike werkers (57,3 en 57,8 persent onderskeidelik) as in Seshego waar slegs 14,2 persent van die manlike werkers in die drie beroepsgroepe aangetref word.

Dieselfde verskynsel as wat hierbo ten opsigte van manlike werkers bespreek is, word volgens tabel 5.1 ook in ŉ mindere of meerdere mate ten opsigte van vroulike werkers aangetref.

ŉ Interessante verskynsel is die feit dat, volgens tabel 5.1, slegs 5 persent van die manlike werkers in Seshego ambagsmanne is teenoor 12,3 en 15,6 persent onderskeidelik in Giyani en Ma-Kwarela. Die oorsaak daarvoor moet waarskynlik gesoek word in die ligging van die drie dorpe ten opsigte van Blankedorpe waar die dienste van Blanke ambagsmanne gekoop kan word. Gevolglik word die kleinste persentasie ambagsmanne in Seshego wat die naaste aan ŉ Blankedorp geleë is, (kyk par. 3) aangetref.

In die geval van halfgeskoolde werkers en operateurs is die posisie net mooi andersom as wat dit met ambagsmanne is. In Seshego is 6,4 persent van die manlike werkers halfgeskoolde werkers en operateurs teenoor 2,5 en 0,6 persent in Giyani en Ma-Kwarela. In die geval van Seshego verskaf die fabrieke in die nabygeleë Pietersburg die werkgeleenthede vir halfgeskooldes en operateurs. Die operateurs en halfgeskoolde werkers in Giyani en Ma-Kwarela is waarskynlik almal bestuurders van grondverskuiwings- en laaimasjiene of trekkerbestuurders. Soos reeds voorheen gesê (kyk par. 1) sal die ekonomiese ontwikkeling van die tuislande tot ŉ groot hoogte moet steun op nywerheidsontwikkeling. Die moderne nywerheidswerker is by uitstek ŉ halfgeskoolde werker of operateur.

Blykens tabel 5.1A besit 40 van die 61, of 65,6 persent van die manlike halfgeskooldes en operateurs in Seshego ŉ akademiese opleiding van tussen st. 3 en vorm 2, terwyl 16 of 26,2 persent st. 5 of 6 geslaag het. Dit wil dus voorkom of ŉ opleidingspeil van om en by st. 5 - 6 in ŉ sekere sin voldoende peil vir ŉ halfgeskoolde werker of

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

operateur is. In die lig van bostaande is die feit dat 28,3 persent van Seshego se manlike bevolking oor 'n opleidingspeil van st. 5 - 6 beskik 'n aanduiding dat die arbeidsmag van die dorp oor die nodige akademiese opleiding beskik om verdere industrialisasie in die hand te werk.

Die feit dat slegs 15,3 en 15,0 persent van die volwasse manlike bevolking van Giyani en Ma-Kwarela oor 'n akademiese opleiding van st. 5 - 6 beskik, moet egter nie gesien word as 'n bewys dat daar in die twee tuislande 'n gebrek aan werkers met die opleiding is nie. Dit mag slegs beteken dat die vraag na hul dienste tans aldaar so swak is dat hulle verkieslik hul dienste in die metropolitaanse gebiede waar die vraag beter is, aanbied.

In al drie die dorpe behoort die grootste persentasie van die vroulike werkers blykens tabel 5.1 tot óf die professioneel-tegniese beroepsgroep óf die arbeidersberoepsgroep. In Seshego is die persentasie professioneel-tegniese werksters egter aansienlik kleiner as in die ander twee dorpe, naamlik 5,1 persent in Seshego teenoor 25,6 persent in Giyani en 17,1 persent in Ma-Kwarela. Die rede vir die verskynsel is waarskynlik die feit dat die laasgenoemde twee dorpe die natuurlike woonplek vir twee nabygeleë Nie-Blankehospitale se verpleegsters is, terwyl die Bantoedorp binne die grense van Pietersburg nader aan die plaaslike Nie-Blankehospitaal geleë is as wat Seshego daaraan geleë is.

Die feit dat 29,5 persent van die vroulike werkers in Seshego arbeiders is, teenoor slegs 19,4 persent in Giyani en 16,6 persent in Ma-Kwarela moet hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat werkgeleentheid as huisbediendes in Pietersburg volop is terwyl daar nie soveel werkgeleenthede vir huisbediendes in die klein Blankegemeenskappe na aan Giyani en Ma-Kwarela is nie.

In tabel 5.2 word die arbeidsmag van die drie dorpe volgens onderwyspeil van die werker en volgens nywerheidsektor van die werkgewer ontleed.

Blykens tabel 5.2 is 88,2 persent van die manlike werkers

TABEL 5.2 A

WERKERS VOLGENS OPLEIDINGSPEIL EN NYWERHEIDSEKTOR (SESHEGO)

MANS

| Nywerheidsektor | | Opleidingspeil | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen | | Graad 1 + 2 | | St. 1 + 2 | | St. 3 + 4 | | St. 5 + 6 | | Vorm 1 + 2 | | Vorm 3 + 4 | | Vorm 5 | | Totaal | |
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Landbou | | | | | | | | | | 1 | 0,4 | | | | | | | 1 | 0,1 |
| Steengroewe | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1,5 | 1 | 0,1 |
| Fabriekswese | | 14 | 16,1 | 4 | 30,8 | 14 | 18,9 | 24 | 15,6 | 30 | 12,2 | 18 | 16,4 | 15 | 13,9 | 3 | 4,5 | 122 | 14,2 |
| Konstruksie | | 3 | 3,4 | 3 | 23,1 | 5 | 6,8 | 5 | 3,2 | 7 | 2,8 | 1 | 0,9 | 2 | 1,9 | | | 26 | 3,0 |
| Handel | | 16 | 18,4 | | | 22 | 29,7 | 62 | 40,3 | 112 | 45,5 | 56 | 50,9 | 45 | 41,7 | 11 | 16,7 | 324 | 37,8 |
| Vervoer | | 13 | 14,9 | 2 | 15,4 | 11 | 14,9 | 23 | 14,9 | 33 | 13,4 | 8 | 7,3 | 4 | 3,7 | 1 | 1,5 | 95 | 11,1 |
| Dienste | | 41 | 47,1 | 4 | 30,8 | 22 | 29,7 | 40 | 26,0 | 63 | 25,6 | 27 | 24,5 | 42 | 38,9 | 50 | 75,8 | 289 | 33,7 |
| TOTAAL | N | 87 | 100 | 13 | 100 | 74 | 100 | 154 | 100 | 246 | 100 | 110 | 100 | 108 | 100 | 66 | 100 | 858 | 100 |
| | % | 10,1 | | 1,5 | | 8,6 | | 17,9 | | 28,7 | | 12,8 | | 12,6 | | 7,7 | | 100 | 100 |

VROUE

| Nywerheidsektor | | Geen N | Geen % | Graad 1 + 2 N | Graad 1 + 2 % | St. 1 + 2 N | St. 1 + 2 % | St. 3 + 4 N | St. 3 + 4 % | St. 5 + 6 N | St. 5 + 6 % | Vorm 1 + 2 N | Vorm 1 + 2 % | Vorm 3 + 4 N | Vorm 3 + 4 % | Vorm 5 N | Vorm 5 % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Landbou | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Steengroewe | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Fabriekswese | | 3 | 5,7 | | | | | 8 | 8,5 | 9 | 6,3 | 1 | 1,6 | | | | | 21 | 4,7 |
| Konstruksie | | | | | | 1 | 2,6 | | | | | | | | | | | 1 | 0,2 |
| Handel | | 1 | 1,9 | 1 | 11,1 | 1 | 2,6 | 7 | 7,4 | 28 | 19,6 | 22 | 35,5 | 2 | 4,2 | | | 62 | 13,7 |
| Vervoer | | | | | | | | 1 | 1,1 | 2 | 1,4 | | | | | | | 3 | 0,7 |
| Dienste | | 49 | 92,5 | 8 | 88,9 | 36 | 94,7 | 78 | 83,0 | 104 | 72,7 | 39 | 62,9 | 46 | 95,8 | 4 | 100,0 | 364 | 80,7 |
| TOTAAL | N | 53 | 100 | 9 | 100 | 38 | 100 | 94 | 100 | 143 | 100 | 62 | 100 | 48 | 100 | 4 | 100 | 451 | 100 |
| | % | 11,8 | | 2,0 | | 8,4 | | 20,8 | | 31,7 | | 13,7 | | 10,6 | | 0,9 | | 100 | |

## TABEL 5.2 C

### WERKERS VOLGENS OPLEIDINGSPEIL EN NYWERHEIDSEKTOR (MA-KWARELA)

MANS

| Nywerheidsektor | | Geen N | Geen % | Graad 1 + 2 N | Graad 1 + 2 % | St. 1 + 2 N | St. 1 + 2 % | St. 3 + 4 N | St. 3 + 4 % | St. 5 + 6 N | St. 5 + 6 % | Vorm 1 + 2 N | Vorm 1 + 2 % | Vorm 3 + 4 N | Vorm 3 + 4 % | Vorm 5 N | Vorm 5 % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Landbou | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Steengroewe | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Fabriekswese | | | | | | 1 | 16,7 | | | | | 1 | 5,9 | 2 | 5,0 | 2 | 3,2 | 6 | 3,7 |
| Konstruksie | | | | | | | | | | 1 | 4,0 | 1 | 5,9 | | | | | 2 | 1,2 |
| Handel | | | | | | 1 | 16,7 | | | 9 | 36,0 | | | 4 | 10,0 | 4 | 6,5 | 18 | 11,2 |
| Vervoer | | | | | | 1 | 16,7 | 1 | 14,3 | 1 | 4,0 | | | 2 | 5,0 | 1 | 1,6 | 6 | 3,7 |
| Dienste | | 4 | 100,0 | | | 3 | 50,0 | 6 | 85,7 | 14 | 56,0 | 15 | 88,2 | 32 | 80,0 | 55 | 88,7 | 129 | 80,1 |
| TOTAAL | N | 4 | 100 | | | 6 | 100 | 7 | 100 | 25 | 100 | 17 | 100 | 40 | 100 | 62 | 100 | 161 | 100 |
| | % | 2,5 | | | | 3,7 | | 4,3 | | 15,5 | | 10,6 | | 24,8 | | 38,5 | | 100 | |

VROUE

| Nywerheidsektor | | Geen N | Geen % | Graad 1 + 2 N | Graad 1 + 2 % | St. 1 + 2 N | St. 1 + 2 % | St. 3 + 4 N | St. 3 + 4 % | St. 5 + 6 N | St. 5 + 6 % | Vorm 1 + 2 N | Vorm 1 + 2 % | Vorm 3 + 4 N | Vorm 3 + 4 % | Vorm 5 N | Vorm 5 % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Landbou | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Steengroewe | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Fabriekswese | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Konstruksie | | 1 | 6,7 | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1,4 |
| Handel | | 3 | 20,0 | | | | | | | 3 | 18,8 | 1 | 9,1 | | | | | 7 | 9,9 |
| Vervoer | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Dienste | | 11 | 73,3 | 1 | 100,0 | 4 | 100,0 | 4 | 100,0 | 13 | 81,3 | 10 | 90,9 | 19 | 100,0 | 1 | 100,0 | 63 | 88,7 |
| TOTAAL | N | 15 | 100 | 1 | 100 | 4 | 100 | 4 | 100 | 16 | 100 | 11 | 100 | 19 | 100 | 1 | 100 | 71 | 100 |
| | % | 21,1 | | 1,4 | | 5,6 | | 5,6 | | 22,5 | | 15,5 | | 26,8 | | 1,4 | | 100 | |

TABEL 5.2 B

WERKERS VOLGENS OPLEIDINGSPEIL EN NYWERHEIDSEKTOR (GIYANI)

| Nywerheidsektor | | Geen | | Graad 1 + 2 | | St. 1 + 2 | | St. 3 + 4 | | St. 5 + 6 | | Vorm 1 + 2 | | Vorm 3 + 4 | | Vorm 5 | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| **MANS** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Landbou | | | | | | | | | | 1 | 2,8 | | | | | | | 1 | 0,4 |
| Steengroewe | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Fabriekswese | | | | | | | | | | 1 | 2,8 | | | | | | | 1 | 0,4 |
| Konstruksie | | 2 | 10,0 | | | | | | | 5 | 13,9 | | | | | | | 7 | 3,1 |
| Handel | | 3 | 15,0 | | | 2 | 22,2 | 2 | 25,0 | 3 | 8,3 | 2 | 11,8 | 2 | 3,5 | | | 14 | 6,1 |
| Vervoer | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1,8 | 3 | 3,8 | 4 | 1,8 |
| Dienste | | 15 | 75,0 | 1 | 100,0 | 7 | 77,8 | 6 | 75,0 | 26 | 72,2 | 15 | 88,2 | 54 | 94,7 | 77 | 96,2 | 201 | 88,2 |
| TOTAAL | N | 20 | 100 | 1 | 100 | 9 | 100 | 8 | 100 | 36 | 100 | 17 | 100 | 57 | 100 | 80 | 100 | 228 | 100 |
| | % | 8,8 | | 0,4 | | 3,9 | | 3,5 | | 15,8 | | 7,5 | | 25,0 | | 35,1 | | 100 | |
| **VROUE** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Landbou | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Steengroewe | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Fabriekswese | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Konstruksie | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Handel | | 3 | 12,0 | | | | | | | | | 1 | 4,0 | | | | | 4 | 3,4 |
| Vervoer | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Dienste | | 22 | 88,0 | | | 9 | 100,0 | 5 | 100,0 | 14 | 100,0 | 24 | 96,0 | 33 | 100,0 | 6 | 100,0 | 113 | 96,6 |
| TOTAAL | N | 25 | 100 | | | 9 | 100,0 | 5 | 100 | 14 | 100 | 25 | 100 | 33 | 100 | 6 | 100 | 117 | 100 |
| | % | 21,4 | | | | 7,7 | | 4,3 | | 12,0 | | 21,4 | | 28,2 | | 5,1 | | 100 | |

in Giyani en 80,1 persent van die manlike werkers in Ma-Kwarela in die dienstesektor werksaam teenoor slegs 33,7 persent van die manlike werkers van Seshego. Die verskynsel moet eerstens toegeskryf word aan die beleid van die owerheid in Giyani en Ma-Kwarela om aan owerheidswerknemers voorkeur te gee by die toekenning van huisvesting. (Bykans alle owerheidswerkgeleenthede is in die dienstesektor.) Vanweë die tekort aan huisvesting in die twee dorpe kan daar vir die huidige nie met so 'n beleid fout gevind word nie. Tweedens moet ook onthou word dat daar in Giyani en Ma-Kwarela weinig ander werkgeleenthede is as die in die owerheidsdiens terwyl daar vir die manlike inwoners van Seshego 'n wye verskeidenheid werkgeleenthede in Pietersburg is.

Volgens tabel 5.2 is die vroue van al drie die dorpe grootliks op die dienstesektor aangewese vir werkgeleentheid. Die werkgeleentheid is waarskynlik hoofsaaklik huishoudelike en reinigingsdienste. 'n Groot persentasie van die vroue wat volgens tabel 5.2 in al drie die dorpe in die handelsektor werksaam is, verskaf waarskynlik ook skoonmaakdienste aan handelsondernemings.

Dit is interessant om daarop te let dat volgens tabel 5.2 meer as 75 persent van alle gematrikuleerde werkers in die dienstesektor werksaam is. Aangesien die gematrikuleerdes volgens tabel 5.1 hoofsaaklik as professionele en klerklike werkers werksaam is, kan dit waarskynlik aanvaar word dat hulle hoofsaaklik in die owerhede se diens is. Slegs in Seshego is 'n betekenisvolle persentasie (16,7% of 11 werkers) van die gematrikuleerdes in diens van die handelsektor. Indien die beroepsverspreiding van gematrikuleerdes volgens tabel 5.1 in gedagte gehou word, wil dit voorkom asof minstens vyf van hulle as klerke in die handelsektor werksaam is. Dit is ook hoogs waarskynlik dat party van hulle by Blankeondernemings in Pietersburg werksaam is.

## 6. GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN WERKGELEENTHEDE

In tabelle 6.1 en 6.2 word die plek waar die werkers werksaam is, volgens bedryfstak en volgens beroepsgroep aangetoon.

Die invloed van die ligging van die drie dorpe ten opsigte van Blankedorpe op die plek waar die werkers werksaam is, word duidelik deur die gegewens in tabelle 6.1 en 6.2 weerspieël. In Seshego wat na aan Pietersburg geleë is, werk slegs 15,5 persent van die manlike werkers binne die "munisipale" grense van die dorp. In Giyani en Ma-Kwarela wat ver van Blankedorpe af geleë is, werk onderskeidelik 85,5 en 90,6 persent van die manlike en 76,9 en 82,6 persent van die vroulike werkers binne die grens van die dorpe.

In Giyani en Ma-Kwarela is daar eenvoudig nie soveel werkgeleenthede buite die dorpe maar binne bereik van 'n inwoner van die dorpe beskikbaar nie.

Die persentasie werkgeleenthede wat in Seshego vir mans beskikbaar is, vorm in die geval van die konstruksie en diensbedrywe ietwat van 'n uitsondering op die reël. Die rede hiervoor is die feit dat Seshego tans nog die hoofstad van Lebowa is. Gevolglik is daar heelwat werkgeleenthede in die owerheidsdiens in die dorp beskikbaar (kyk ook tabel 5.1). Tweedens word daar tans nog teen 'n abnormale hoë tempo nuwe geboue, veral woonhuise, in die dorp opgerig. Die tempo sal sekerlik afneem sodra alle inwoners van Pietersburg se Bantoewoongebiede eers daarheen verskuif is. Die gevolg daarvan is dat daar tans 'n hoër as normale persentasie werkgeleenthede in die konstruksiebedryf binne die grense van Seshego beskikbaar is.

Die invloed van die nabygeleë Blankedorp (Pietersburg) op die beroepsverspreiding van die arbeidsmag in die drie dorpe is ook duidelik in tabel 6.2 sigbaar. In Seshego is 75 persent van die besturende, uitvoerende en administratiewe werkgeleenthede en 56,8 persent van die klerklike werkgeleenthede vir manlike werkers buite die munisipale grense van die dorp. In die geval van Giyani is die twee ooreenstemmende persentasies slegs 9,1 persent en 4,2 persent en in die geval van Ma-Kwarela is dit 0 persent en 1,6 persent. Dieselfde verskynsel is ook ten opsigte van 'n aantal van die ander beroepsgroepe waarneembaar.

TABEL 6.1

WERKERS VOLGENS GESLAG, NYWERHEIDSEKTOR EN PLEK VAN WERKGELEENTHEID

| Nywerheidsektor | Seshego | | | | | | Giyani | | | | | | Ma-Kwarela | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Binne opnamegebied | | Buite opnamegebied | | TOTAAL | | Binne opnamegebied | | Buite opnamegebied | | TOTAAL | | Binne opnamegebied | | Buite opnamegebied | | TOTAAL | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| **MANS** | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Landbou | | | 1 | 100,0 | 1 | 100 | | | 1 | 100,0 | 1 | 100 | | | | | | |
| Steengroewe | | | 1 | 100,0 | 1 | 100 | | | | | | | | | | | | |
| Fabriekswese | 12 | 9,8 | 110 | 90,2 | 122 | 100 | | | 1 | 100,0 | 1 | 100 | 2 | 33,3 | 4 | 66,7 | 6 | 100 |
| Konstruksie | 7 | 30,4 | 16 | 69,6 | 23 | 100 | 6 | 85,7 | 1 | 14,3 | 7 | 100 | 2 | 100,0 | | | 2 | 100 |
| Handel | 20 | 6,1 | 307 | 93,9 | 327 | 100 | 11 | 78,6 | 3 | 21,4 | 14 | 100 | 14 | 77,8 | 4 | 22,2 | 18 | 100 |
| Vervoer | 4 | 4,2 | 91 | 95,8 | 95 | 100 | 4 | 100,0 | | | 4 | 100 | 6 | 100,0 | | | 6 | 100 |
| Dienste | 90 | 31,1 | 199 | 68,9 | 289 | 100 | 174 | 86,6 | 27 | 13,4 | 201 | 100 | 121 | 94,5 | 7 | 5,5 | 128 | 100 |
| TOTAAL | 133 | 15,5 | 725 | 84,5 | 858 | 100 | 195 | 85,5 | 33 | 14,5 | 228 | 100 | 145 | 90,6 | 15 | 9,4 | 160 | 100 |
| **VROUE** | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Landbou | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Steengroewe | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Fabriekswese | 6 | 28,6 | 15 | 71,4 | 21 | 100 | | | | | | | | | | | | |
| Konstruksie | | | 1 | 100,0 | 1 | 100 | | | | | | | 1 | 100,0 | | | 1 | 100 |
| Handel | 8 | 13,1 | 53 | 86,9 | 61 | 100 | 4 | 100,0 | | | 4 | 100 | 7 | 100,0 | | | 7 | 100 |
| Vervoer | 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 3 | 100 | | | | | | | | | | | | |
| Dienste | 33 | 9,1 | 328 | 90,9 | 361 | 100 | 86 | 76,1 | 27 | 23,9 | 113 | 100 | 49 | 80,3 | 12 | 19,7 | 61 | 100 |
| TOTAAL | 49 | 11,0 | 398 | 89,0 | 447 | 100 | 90 | 76,9 | 27 | 23,1 | 117 | 100 | 57 | 82,6 | 12 | 17,4 | 69 | 100 |

TABEL 6.2

WERKERS VOLGENS GESLAG, BEROEPSGROEP EN PLEK VAN WERKGELEENTHEID

| Beroepsgroep | Seshego | | | | | | Giyani | | | | | | Ma-Kwarela | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Binne opnamegebied | | Buite opnamegebied | | TOTAAL | | Binne opnamegebied | | Buite opnamegebied | | TOTAAL | | Binne opnamegebied | | Buite opnamegebied | | TOTAAL | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| **MANS** | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele werkers | 25 | 56,8 | 19 | 43,2 | 44 | 100 | 38 | 73,1 | 14 | 26,9 | 52 | 100 | 25 | 80,6 | 6 | 19,4 | 31 | 100 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 1 | 25,0 | 3 | 75,0 | 4 | 100 | 10 | 90,9 | 1 | 9,1 | 11 | 100 | 6 | 100,0 | | | 6 | 100 |
| Klerklike werkers | 35 | 43,2 | 46 | 56,8 | 81 | 100 | 68 | 95,8 | 3 | 4,2 | 71 | 100 | 62 | 98,2 | 1 | 1,6 | 63 | 100 |
| Verkoops- en verwante werkers | 6 | 6,1 | 93 | 93,9 | 99 | 100 | 4 | 100,0 | | | 4 | 100 | 1 | 33,3 | 2 | 66,7 | 3 | 100 |
| Landbouwerkers | | | | | | | | | 2 | 100,0 | 2 | 100 | | | | | | |
| Vervoerwerkers | 9 | 7,0 | 120 | 93,0 | 129 | 100 | 20 | 100,0 | | | 20 | 100 | 12 | 85,7 | 2 | 14,3 | 14 | 100 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 7 | 15,6 | 38 | 84,4 | 45 | 100 | 8 | 80,0 | 2 | 20,0 | 10 | 100 | 10 | 100,0 | | | 10 | 100 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 11 | 22,9 | 37 | 77,1 | 48 | 100 | 23 | 79,3 | 6 | 20,7 | 29 | 100 | 23 | 88,5 | 3 | 11,5 | 26 | 100 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 6 | 9,8 | 55 | 90,2 | 61 | 100 | 5 | 83,3 | 1 | 16,7 | 6 | 100 | | | 1 | 100,0 | 1 | 100 |
| Arbeiders | 33 | 9,7 | 307 | 90,3 | 340 | 100 | 19 | 86,4 | 3 | 13,6 | 22 | 100 | 8 | 100,0 | | | 8 | 100 |
| TOTAAL | 133 | 15,6 | 718 | 84,4 | 851 | 100 | 195 | 85,9 | 32 | 14,1 | 227 | 100 | 147 | 90,7 | 15 | 9,3 | 162 | 100 |
| **VROUE** | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele werkers | 22 | 40,0 | 33 | 60,0 | 55 | 100 | 36 | 58,1 | 26 | 41,9 | 62 | 100 | 20 | 64,5 | 11 | 35,5 | 31 | 100 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | 1 | 100,0 | | | 1 | 100 | | | | | | |
| Klerklike werkers | 2 | 40,0 | 3 | 60,0 | 5 | 100 | 3 | 100,0 | | | 3 | 100 | | | | | | |
| Verkoops- en verwante werkers | 4 | 12,9 | 27 | 87,1 | 31 | 100 | 1 | 100,0 | | | 1 | 100 | 5 | 100,0 | | | 5 | 100 |
| Vervoerwerkers | | | 3 | 100,0 | 3 | 100 | | | | | | | | | | | | |
| Werkers in dienshoedanigheid | 2 | 14,3 | 12 | 85,7 | 14 | 100 | | | | | | | 2 | 100,0 | | | 2 | 100 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 2 | 50,0 | 2 | 50,0 | 4 | 100 | 3 | 75,0 | 1 | 25,0 | 4 | 100 | 4 | 100,0 | | | 4 | 100 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 1 | 5,0 | 19 | 95,0 | 20 | 100 | | | | | | | | | | | | |
| Arbeiders | 16 | 5,1 | 300 | 94,9 | 316 | 100 | 46 | 97,9 | 1 | 2,1 | 47 | 100 | 27 | 96,4 | 1 | 3,6 | 28 | 100 |
| TOTAAL | 49 | 10,9 | 399 | 89,1 | 448 | 100 | 90 | 76,3 | 28 | 23,7 | 118 | 100 | 58 | 82,9 | 12 | 17,1 | 70 | 100 |

In die geval van professionele en tegniese beroepe is die grootste persentasie werkgeleenthede vir manlike werkers, selfs in die geval van Seshego binne die grense van die Bantoedorp.

Die feit dat 60 persent van die vroulike professionele en tegniese werksters wat in Seshego woon, buite die grense van Seshego werk, is te wyte aan die feit dat daar ten tye van die opname nog Bantoeskole en-hospitale in die Blankegebied en Bantoewoongebiede van Pietersburg was. Die Bantoehospitale en -skole na aan Giyani en Ma-Kwarela bied ook werkgeleentheid aan 'n aansienlike persentasie van die vroulike professionele en tegniese werksters wat in Giyani en Ma-Kwarela woon.

## 7. DIE VERVOER VAN WERKERS

In tabel 7.1 word aangetoon hoe ver die werkers in die drie dorpe van hul woonplek af bly asook die tipe vervoer wat hulle gebruik om hul werkplek te bereik.

Ook wat betref die afstand van werkgeleentheid en tipe vervoer wat gebruik word, is die invloed van 'n nabygeleë Blankedorp duidelik in tabel 7.1 waarneembaar.

In die geval van Seshego wat 6 myl van Pietersburg geleë is, woon 83 persent van die werkers verder as vier myl van hul werkplek af. In Giyani en Ma-Kwarela woon onderskeidelik slegs 10,2 en 7,1 persent van die werkers verder as vier myl van hul werkplek af. Gevolglik is dit ook heeltemal begryplik waarom slegs 15,1 persent van die werkers in Seshego na hul werk toe loop terwyl 58,9 persent en 81,8 persent onderskeidelik in Giyani en Ma-Kwarela na hul werk toe loop en waarom 66,3 persent van die werkers in Seshego per bus na hul werk toe ry.

Die groot persentasie werkers (19,2%) wat in Giyani per taxi na hul werk toe ry, is hoofsaaklik verpleegsters wat van taxivervoer gebruik maak om van hul wonings na die sendinghospitaal toe te reis.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 96 | 93,2 | 65 | 79,3 | 17 | 42,5 | 15 | 1,5 | 5 | 7,5 | 1 | 16,7 | | | | | 199 | 15,1 |
| 6 | 5,8 | 14 | 17,1 | 5 | 12,5 | 157 | 15,6 | 12 | 17,9 | 1 | 16,7 | 3 | 60,0 | 5 | 45,5 | 203 | 15,4 |
| 1 | 1,0 | 1 | 1,2 | 4 | 10,0 | 27 | 2,7 | 2 | 3,0 | | | | | 2 | 18,2 | 37 | 2,8 |
| | | | | | | 3 | 0,3 | | | | | | | | | 3 | 0,2 |
| | | 2 | 2,4 | 14 | 35,0 | 801 | 79,8 | 48 | 71,6 | 4 | 66,6 | 2 | 40,0 | 3 | 27,3 | 874 | 66,3 |
| | | | | | | 1 | 0,1 | | | | | | | 1 | 9,1 | 2 | 0,2 |
| 103 | 100 | 82 | 100 | 40 | 100 | 1004 | 100 | 67 | 100 | 6 | 100 | 5 | 100 | 11 | 100 | 1318 | 100 |
| 7,8 | | 6,2 | | 3,0 | | 76,2 | | 5,1 | | 0,5 | | 0,4 | | 0,8 | | 100 | |
| 7,8 | | 14,0 | | 17,0 | | 93,2 | | 98,3 | | 98,8 | | 99,2 | | 100 | | | |

TABEL 7.1 B

WERKERS VOLGENS AFSTAND VAN WERK EN TIPE VERVOER (GIYANI)

Afstand (myl)

| Minder as 1 | | 1-2 | | 3-4 | | 5-9 | | 10-14 | | 15-19 | | 20-29 | | 30+ | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 175 | 90,2 | 16 | 72,7 | 4 | 4,8 | 1 | 7,1 | | | | | | | | | 196 | 58,9 |
| 11 | 5,7 | 3 | 13,6 | 17 | 20,5 | 3 | 21,4 | 2 | 66,7 | 1 | 25,0 | 3 | 100,0 | 6 | 60,0 | 46 | 13,8 |
| 7 | 3,6 | 2 | 9,1 | | | 2 | 14,3 | | | 1 | 25,0 | | | 2 | 20,0 | 14 | 4,2 |
| 1 | 0,5 | 1 | 4,5 | 55 | 66,3 | 7 | 50,0 | | | | | | | | | 64 | 19,2 |
| | | | | 7 | 8,4 | 1 | 7,1 | 1 | 33,3 | 2 | 50,0 | | | 2 | 20,0 | 13 | 3,9 |
| 194 | 100 | 22 | 100 | 83 | 100 | 14 | 100 | 3 | 100 | 4 | 100 | 3 | 100 | 10 | 100 | 333 | 100 |
| 8,3 | | 6,6 | | 24,9 | | 4,2 | | 0,9 | | 1,2 | | 0,9 | | 3,0 | | 100 | |
| 8,3 | | 64,9 | | 89,8 | | 94,0 | | 94,9 | | 96,1 | | 97,0 | | 100 | | | |

TABEL 7.1 C

ERKERS VOLGENS AFSTAND VAN WERK EN TIPE VERVOER (MA-KWARELA)

Afstand (myl)

| 1-2 | | 3-4 | | 5-9 | | 10-14 | | 15-19 | | 20-29 | | 30+ | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 37 | 84,1 | 6 | 42,9 | 1 | 10,0 | | | | | | | | | 184 | 81,8 |
| 7 | 15,9 | 5 | 35,7 | 6 | 60,0 | 1 | 50,0 | | | | | 1 | 33,3 | 29 | 12,8 |
| | | | | | | 1 | 50,0 | | | | | | | 2 | 0,9 |
| | | 1 | 7,1 | 3 | 30,0 | | | | | | | 1 | 33,3 | 5 | 2,2 |
| | | 2 | 14,3 | | | | | | | 1 | 100,0 | 1 | 33,3 | 5 | 2,2 |
| 44 | 100 | 14 | 100 | 10 | 100 | 2 | 100 | | | 1 | 100 | 3 | 100 | 225 | 100 |
| 9,6 | | 6,2 | | 4,4 | | 0,9 | | | | 0,4 | | 1,3 | | 100 | |
| 6,7 | | 92,9 | | 97,3 | | 98,2 | | | | 98,6 | | 99,9 | | 100 | |

## 8. SALARISSE EN LONE

In tabel 8.1 word die maandelikse salaris van die werkers in die 3 dorpe aangedui.

Die mediaansalaris van die manlike inwoners van Ma-Kwarela en Giyani is aanmerklik hoër as die van Seshego, naamlik R71 en R68 teenoor R40. Hierdie verskille moet gewyt word aan die verskille in die beroepstruktuur van die dorpe, want in baie gevalle is die salaris volgens beroep wat die inwoners van Seshego verdien hoër as die wat in die ander twee dorpe verdien word. So kry manlike arbeiders in Seshego 'n mediaansalaris van R32 teenoor die R17 in Giyani en R15 in Ma-Kwarela en operateurs en half-geskooldes in Seshego verdien 'n salaris van R42 teenoor die R29 in Giyani. Die meeste van die operateurs, halfgeskooldes en arbeiders van Seshego werk in Pietersburg. Die loonverskille hier toon miskien waarom ongeskoolde Bantoes geneig is om na Blankegebiede te beweeg.

Die oorwig van persone in die hoogbetaalde beroepe, naamlik die professionele werkers en in 'n mindere mate die klerklike werkers in Giyani en Ma-Kwarela veroorsaak egter dat die mediaansalarisse van Seshego en die ander twee dorpe so verskil.

In tabel 8.2 word die getal huiseenhede wat in die ondersoek betrek is volgens totale inkomste van die huisgesin verdeel.

TABEL 8.2

GETAL HUISEENHEDE VOLGENS INKOMSTE VAN HUISGESIN

| Inkomste (R) | Huiseenhede | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Seshego | | Giyani | | Ma-Kwarela | |
| | N | % | N | % | N | % |
| 0 - 49 | 337 | 42,7 | 42 | 20,2 | 63 | 33,2 |
| 50 - 99 | 304 | 38,5 | 60 | 28,8 | 71 | 37,4 |
| 100 + | 148 | 18,8 | 106 | 51,0 | 56 | 29,5 |
| TOTAAL | 789 | 100 | 208 | 100 | 190 | 100 |
| Gemiddelde inkomste per gesin | R65 | | R120 | | R85 | |

TABEL 8.1 (A)

MAANDELIKSE SALARIS VOLGENS BEROEPSGROEP (SESHEGO)

MANS

| Beroepsgroep | | Salaris (R) | | | | | | | | | | | | | Totaal | | Me-[1] |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-99 | 100-149 | 150-199 | 200-245 | N | % | Salaris (R) |
| Professionele werkers | | 1 | | 2 | | 2 | 3 | 6 | 1 | 2 | 2 | 16 | 5 | 4 | 44 | 5,2 | 108 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | 1 | | | | | | 1 | 2 | | | 4 | 0,5 | |
| Klerklike werkers | | | | 2 | 8 | 8 | 12 | 20 | 15 | 8 | 5 | 10 | | | 88 | 10,3 | 66 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | 12 | 25 | 23 | 10 | 12 | 5 | 2 | 3 | 5 | | 1 | 98 | 11,5 | 45 |
| Vervoerwerkers | | 1 | 2 | 24 | 24 | 32 | 18 | 12 | 8 | 5 | 1 | 1 | | | 128 | 15,0 | 43 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | | 8 | 6 | 4 | 3 | 3 | 4 | 9 | 3 | 5 | | | 45 | 5,3 | 64 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | 3 | 6 | 14 | 16 | 2 | 4 | 2 | 1 | | | | | 48 | 5,6 | 40 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | | 3 | 12 | 11 | 19 | 6 | 3 | 3 | 2 | 1 | | | | 60 | 7,0 | 42 |
| Arbeiders | | 2 | 29 | 113 | 108 | 59 | 14 | 7 | 4 | 2 | | | | | 338 | 39,6 | 32 |
| TOTAAL | N | 4 | 37 | 179 | 197 | 163 | 68 | 67 | 42 | 31 | 16 | 39 | 5 | 5 | 853 | 100 | 40 |
| | % | 0,5 | 4,3 | 21,0 | 23,1 | 19,1 | 8,0 | 7,9 | 4,9 | 3,6 | 1,9 | 4,6 | 0,6 | 0,6 | 100 | | |

VROUE

| Beroepsgroep | | 1-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-99 | 100-149 | 150-199 | 200-245 | N | % | Me-Salaris (R) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | | | 8 | 2 | 7 | 9 | 3 | 9 | 7 | 1 | 4 | 5 | | | 55 | 12,2 | 54 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Klerklike werkers | | | | 1 | 3 | 1 | | | | | | | | | 5 | 1,1 | 34 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | 5 | 11 | 8 | 6 | 1 | | | | | | | | 31 | 6,9 | 29 |
| Vervoerwerkers | | | 1 | 2 | | | | | | | | | | | 3 | 0,7 | |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | 6 | 4 | | 1 | | 2 | | | | 1 | | | 14 | 3,1 | 22 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | | 2 | 2 | | | | | | | | | | 4 | 0,9 | |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | 1 | 8 | 7 | 4 | | | | | | | | | | 20 | 4,4 | 21 |
| Arbeiders | | 34 | 185 | 78 | 14 | 7 | | | | | | | | | 318 | 70,7 | 16 |
| TOTAAL | N | 35 | 213 | 107 | 38 | 24 | 4 | 11 | 7 | 1 | 4 | 6 | | | 450 | 100 | 18 |
| | % | 7,8 | 47,3 | 23,8 | 8,4 | 5,3 | 0,9 | 2,4 | 1,6 | 0,2 | 0,9 | 1,3 | | | 100 | | |

1) Mediaansalarisse vir minder as 5 gevalle is nie uitgewerk nie.

TABEL 8.1 (B)

MAANDELIKSE SALARIS VOLGENS BEROEPSGROEP (GIYANI)

MANS

| Beroepsgroepe | | Salaris (R) 1-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-99 | 100-149 | 150-199 | 200-249 | 250-299 | 300+ | Totaal N | % | Me- Salaris (R) [1] |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | | | | | 1 | 2 | 2 | 7 | 11 | 1 | 5 | 12 | 2 | 7 | 1 | 1 | 52 | 23,3 | 93 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | 2 | | 1 | | | | | | | | | 1 | 7 | 11 | 4,9 | 50 |
| Klërklike werkers | | | | 2 | 2 | 1 | 8 | 16 | 23 | 2 | 4 | 7 | 4 | 1 | | | 70 | 31,4 | 72 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | 2 | | | | | 1 | | | | | | | | | 3 | 1,3 | |
| Landbouwerkers | | | | | 2 | | | | | | | | | | | | 2 | 0,9 | |
| Vervoerwerkers | | | | 4 | 4 | 6 | | 4 | | | | 1 | | 1 | | | 20 | 9,0 | 43 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | | | 2 | 3 | 1 | | 3 | | | 1 | | | | | 10 | 4,5 | 49 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | 2 | 2 | 4 | | 4 | 3 | 5 | 2 | 1 | 3 | | | | 1 | 27 | 12,1 | 64 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | | | 3 | 2 | | 1 | | | | | | | | | | 6 | 2,7 | 29 |
| Arbeiders | | 2 | 12 | 4 | | 2 | | 2 | | | | | | | | | 22 | 9,9 | 17 |
| TOTAAL | N | 2 | 16 | 17 | 17 | 15 | 16 | 33 | 42 | 5 | 10 | 24 | 6 | 9 | 2 | 9 | 223 | 100 | 68 |
| | % | 0,9 | 7,2 | 7,6 | 7,6 | 6,7 | 7,2 | 14,8 | 18,8 | 2,2 | 4,5 | 10,8 | 2,7 | 4,0 | 0,9 | 4,0 | 100 | | |
| VROUE | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele werkers | | | | 7 | 15 | 11 | 6 | 5 | 3 | 3 | 4 | 4 | | | | | 58 | 53,2 | 45 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | 1 | 0,9 | |
| Klerklike werkers | | | | | | 1 | 1 | | | | | | | | | | 2 | 1,8 | |
| Verkoops- en verwante werkers | | | 1 | | | | | | | | | | | | | | 1 | 0,9 | |
| Landbouwerkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vervoerwerkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | 1 | 0,9 | |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Arbeiders | | 36 | 8 | | | | 1 | 1 | | | | | | | | | 46 | 42,2 | 7 |
| TOTAAL | N | 36 | 9 | 7 | 15 | 12 | 8 | 6 | 3 | 3 | 4 | 4 | | 1 | 1 | | 109 | 100 | 31 |
| | % | 33,0 | 8,3 | 6,4 | 13,8 | 11,0 | 7,3 | 5,5 | 2,8 | 2,8 | 3,7 | 3,7 | | 0,9 | 0,9 | | 100 | | |

1) Mediaansalarisse vir minder as 5 gevalle is nie uitgewerk nie.

TABEL 8.1 (C)

MAANDELIKSE SALARIS VOLGENS BEROEPSGROEP (MA-KWARELA)

| Beroepsgroep | | Salaris (R) 1-9 | 10-19 | 20-29 | 30-39 | 40-49 | 50-59 | 60-69 | 70-79 | 80-89 | 90-99 | 100-149 | 150-199 | 200-249 | 250-299 | 300+ | Totaal N | Totaal % | Me-[1] Salaris (R) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **MANS** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele werkers | | | 2 | | 1 | | 2 | 4 | 2 | 1 | 3 | 8 | 4 | 4 | | | 31 | 19,3 | 102 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1 | 4 | 6 | 3,7 | 312 |
| Klerklike werkers | | | | | | 2 | 7 | 13 | 15 | 9 | 4 | 6 | 6 | | | | 62 | 38,5 | 75 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | 2 | | | | | | | | 1 | | | | | 3 | 1,9 | |
| Vervoerwerkers | | | 3 | 3 | 2 | 1 | 2 | 1 | | | 1 | 1 | | | | | 14 | 8,7 | 34 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | | | 1 | 1 | | | | 1 | 3 | 4 | | | | | 10 | 6,2 | 96 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | 1 | 2 | 10 | 3 | 2 | 3 | 2 | 1 | | 1 | | 1 | | | 26 | 16,2 | 39 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | | 1 | | | | | | | | | | | | | | 1 | 0,6 | |
| Arbeiders | | | 7 | 1 | | | | | | | | | | | | | 8 | 5,0 | 15 |
| TOTAAL | N | | 14 | 8 | 14 | 7 | 13 | 21 | 19 | 12 | 11 | 21 | 10 | 6 | 1 | 4 | 161 | 100 | 71 |
| | % | | 8,7 | 5,0 | 8,7 | 4,3 | 8,1 | 13,0 | 11,8 | 7,5 | 6,8 | 13,0 | 6,2 | 3,7 | 0,6 | 2,5 | 100 | | |
| **VROUE** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele werkers | | | 1 | 1 | 3 | 8 | 7 | 6 | 1 | 2 | | 1 | | | | | 30 | 43,5 | 52 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Klerklike werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Verkoops- en verwante werkers | | 2 | 1 | 1 | | | | | | | | | | | | | 4 | 5,8 | |
| Vervoerwerkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | 1 | | 1 | | | | | | | | | | | | 2 | 2,9 | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | 1 | 1 | 1 | | 1 | | | | | | | | | | | 4 | 5,8 | |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Arbeiders | | 16 | 12 | | | 1 | | | | | | | | | | | 29 | 42,0 | 9 |
| TOTAAL | N | 19 | 16 | 3 | 4 | 10 | 7 | 6 | 1 | 2 | | 1 | | | | | 69 | 100 | 19 |
| | % | 27,5 | 23,2 | 4,3 | 5,8 | 14,5 | 10,5 | 8,7 | 1,4 | 2,9 | | 1,4 | | | | | 100 | | |

1) Mediaansalarisse vir minder as 5 gevalle is nie uitgewerk nie.

Die tabel toon baie duidelik dat Giyani die hoogste gesinsinkomste het en meer as die helfte van die gesinne in dié dorp het 'n gesinsinkome van meer as R100 per maand.

## 9. SLOTOPMERKING

Die arbeidsmag van Seshego verskil radikaal van dié van Giyani en Ma-Kwarela. Die rede is voor-die-hand-liggend; Giyani en Ma-Kwarela is twee jong administratiewe sentra terwyl Seshego ook die werkers wat in die verskillende bedrywe in Pietersburg werksaam is, huisves. Werkgeleenthede soos dié wat in Pietersburg vir die inwoners van Seshego beskikbaar is, bestaan nie by die ander twee dorpe nie. Die arbeidsmag van Seshego is daarom 'n beter voorbeeld van die beskikbare arbeid van Lebowa as wat Giyani van die arbeid van Gazankulu en Ma-Kwarela van Venda is.

LITERATUURLYS


1. REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, Departement van Nywerheidswese, Witskrif oor die verslag van die interdepartementele komitee insake die desentralisasie van nywerhede.

2. DU PLESSIS, I.K. Sosio-ekonomiese opname in die Bantoedorpe Seshego, Ma-Kwarela en Giyani, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Navorsingsbevinding S-N-20.

3. LOMBARD, J.A. en STADLER, J.J. Die Ekonomiese Stelsel van Suid-Afrika, Kaapstad, HAUM, 1967.

4. PIGOU, A.C. Essays in Economics, London, Macmillan & Co., 1952.

5. BOSHOFF, F. Die bestedingsvermenigvuldiger in die Bantoedorpe Giyani, Seshego en Ma-Kwarela, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Navorsingsbevinding N-M-2, 1973.




39837

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY